



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NATIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

VERBRUIKERSTUDIES

NOVEMBER 2017

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 200

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 19 bladsye.

KORTVRAE**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	B✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.163; Suksesvol, p.181)</i>	(1)
	1.1.2	A✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.163; Suksesvol, p.181)</i>	(1)
	1.1.3	A✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.157; Suksesvol, p.173)</i>	(1)
	1.1.4	D✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.79; Suksesvol, p.93)</i>	(1)
	1.1.5	A/D✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.82; Suksesvol, p.95)</i>	(1)
	1.1.6	D✓	<i>Onthou, moeilik (Verken, p.101; Suksesvol, p.119)</i>	(1)
	1.1.7	C✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.91; Suksesvol, p.109)</i>	(1)
	1.1.8	A/C✓	<i>Onthou, matig (Verken, p.98; Suksesvol, p.118)</i> <i>Nie een korrek nie</i>	(1)
	1.1.9	C✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.61; Suksesvol, p.67)</i>	(1)
	1.1.10	C✓	<i>Toepassing, maklik (Verken, p.58; Suksesvol, p.63)</i>	(1)
	1.1.11	B✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.120; Suksesvol, p.139)</i>	(1)
	1.1.12	C✓	<i>Onthou, matig (Verken, p.127; Suksesvol, p.146)</i>	(1)
	1.1.13	B✓	<i>Verstaan, moeilik (Verken, p.127; Suksesvol, p.145)</i>	(1)
	1.1.14	D✓	<i>Toepassing, matig (Verken, p.118; Suksesvol, p.137)</i>	(1)
	1.1.15	B✓	<i>Toepassing, maklik (Verken, p.122; Suksesvol, p.140)</i>	(1)
	1.1.16	A✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.13; Suksesvol, p.19–20)</i>	(1)
	1.1.17	D✓	<i>Verstaan, matig (Verken, p.26; Suksesvol, p.25)</i>	(1)
	1.1.18	B✓	<i>Toepassing, matig (Verken, p.37; Suksesvol, p.37)</i>	(1)
	1.1.19	C✓	<i>Toepassing, moeilik (Verken, p.38; Suksesvol, p.39)</i>	(1)
	1.1.20	B✓	<i>Verstaan, moeilik (Verken, p.39; Suksesvol, p.41)</i>	(1)

- 1.2 1.2.1 Volhoubare✓/ekovriendelike (Verken, p.26; Suksesvol, p.26) (1)
(produksie) (1)
- 1.2.2 Handelsmerk / embleem / (Verken, p.29; Suksesvol, p.28) (1)
logo✓ (1)
- 1.2.3 Teikenmark/groep✓ (Verken, p.34; Suksesvol, p.33) (1)
- 1.2.4 Kontantvloeiprojeksie/
voorsuitskatting/begroting✓ (Verken, p.40; Suksesvol, p.42) (1)
- 1.2.5 Oorhoofse
koste/bokoste/bedryfskoste (Verken, p.37; Suksesvol, p.41)
/lopende/veranderlike✓
- Onthou, matig*
- 1.3 B✓
D✓
F✓
G✓ (in enige volgorde) (4)
Onthou, matig (Verken, bladsy 183; Suksesvol, bladsy 203–204)
- 1.4 1.4.1 B✓ (1)
1.4.2 F/C✓ (1)
1.4.3 A✓ (1)
1.4.4 A/C✓ (1)
Verstaan, matig (Verken, bladsy 148-149; Suksesvol, bladsy 162–163)
- 1.5 B✓
C✓
D✓ (in enige volgorde) (3)
Verstaan, matig (Verken, bladsy 80; Suksesvol, bladsy 93–94)
- 1.6 1.6.1 B✓ (1)
1.6.2 A✓ (1)
1.6.3 D✓ (1)
1.6.4 E✓ (1)
Toepassing, moeilik (Verken, bladsy 49–51; Suksesvol, bladsy 51, 53)

[40]

VRAAG 2: DIE VERBRUIKER**2.1 Verduidelik wat aksynsbelasting is.**

- Aksynsbelasting word oor die algemeen na verwys as (sonde)belasting^{✓1}, wat word gehef op die vervaardiging en verkope van produkte/vinnig bewegende verbruikersgoedere,^{✓2} meestal nie-noodsaaklike items /tabak/alkohol/brandstof.^{✓3} (Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 165; Suksesvol, bladsy 182)

2.2 Verduidelik die term waarborg.

- 'n Waarborg is die versekering^{✓1} dat 'n produk in 'n werkende toestand sal bly^{✓2} vir 'n bepaalde tydperk.^{✓3*} 'n Waarborg is 'n belofte van die vervaardiger dat hulle enige probleem met die produk of diens sal uitsorteer^{✓4} binne 'n spesifieke, en vasgestelde tydperk.^{✓5*}

OF

- 'n Waarborg is 'n skriftelike belofte^{✓6} dat die kwaliteit of duursaamheid van die produk of diens aan sekere standarde sal voldoen^{✓7} en indien die produk of diens nie die voorwaardes van die waarborg bevredig nie, die geld wat daarvoor betaal was terug besorg sal word.^{✓8} dit is dus 'n beskerming teen verlies.^{✓9} (Enige 3) (3)

LET WEL: *bepaalde tydperk/spesifieke en vasgestelde tydperk moet slegs EEN KEER 'n punt toegeken word.

Onthou, maklik (Verken, bladsy 158; Suksesvol, bladsy 175)

2.3 Noem waarom stapelvlakskemas of multivlakbemarking nie as onwettig beskou word nie.

- 'n Produk word verkoop/inkomste word verkry uit die verkope van produkte.[✓] (1)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 162; Suksesvol, bladsy 179)

2.4 Verduidelik hoe die gebruik van die wasmasjien kan bydra tot die volhoubare verbruik van:**2.4.1 Water**

- Was vol bondels klere/verseker dat die wasmasjien vol klere is voordat dit gewas word.^{✓1}
- Gebruik gryswater uit die wasmasjien om potplante/tuin nat te maak, dit sal die hoeveelheid skoon water wat benodig word verminder.^{✓2}
- Gebruik die korrekte program/outomatiese funksie aanpassing^{✓3} om te verseker dat die minimum hoeveelheid water gebruik word om te was.^{✓4}
- Gebruik die geskikte watervlak wat benodig word vir die hoeveelheid klere.^{✓5}
- Voorlaaimasjiene/dubbelbaliewasmasjiene gebruik minder water/meer effektief tov waterverbruik.^{✓6}
- Gebruik 'n waterdoeltreffende wasmasjien omdat dit 30% minder water gebruik.^{✓7}
- Kontroleer dat water nie lek/drup nie.^{✓8} (Enige 3) (3)

Verstaan, maklik (Verken, bladsy 174, 181; Suksesvol, bladsy 158, 193, 199)

2.4.2 Elektrisiteit

- Kies die korrekte/kortste wassiklus vir energie-doeltreffendheid.✓¹
- Gebruik koue water met koue water skoonmaakmiddels om elektrisiteit verbruik te verminder.✓² deur nie water in die geiser te verhit nie.
- Vermy baie klein bondels wasgoed/was groot bondels, bespaar dus elektrisiteit.✓³
- Maak seker dat masjien afgeskakel is na gebruik.✓⁴ want as die liggie brand gebruik dit steeds energie.✓⁵
- A-gegradeerde wasmasjiene gebruik minder elektrisiteit.✓⁶

(Enige 2) (2)

*Verstaan, maklik (Verken, bladsy 174; Suksesvol, bladsy 193)***2.5 Gee die term vir die klubs in die scenario**

- 2.5.1 • Stokvel✓(gemeenskapspaarklub/gemeenskapsklub/kruideniersware-klub word nie aanvaar nie) (1)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 161; Suksesvol, bladsy 177)***2.5.2 Identifiseer, in die scenario, waarom hierdie klubs as wettig beskou word.**

- Geld word in 'n gesamentlike pot/gemeenskaplike fonds betaal.✓¹
- Kontant/kruideniersware word op 'n roterende basis ontvang.✓²
- Al die lede baat daarby.✓³

(Enige 1) (1)

*Verstaan, matig (Verken, bladsy 161–162; Suksesvol, bladsy 177–178)***2.5.3 Bespreek hoe klublede baat vind by niebederfbare kruideniersware wat in groot maat aangekoop word.**

- Grootmaat/groothandelspryse mag goedkoper wees/meer kan gekoop word.✓¹
- Gesinne mag oor 'n langer tydperk nie-bederfbare kruideniersware/voedsel hê om hulle te voed./Meer voedselsekerheid vir hierdie gesinne/en uitgebreide families.✓²
- Om kruideniersware in grootmaat te koop mag die impak van voedselinflasie oor 'n tydperk verminder.✓³
- Vervoer/taxi/buskosies word verminder as in grootmaat gekoop word.✓⁴
- Meer bestebare inkomste beskikbaar vir ander behoeftes.✓⁵

(3)

*Toepassing, moeilik (Verken, bladsy 168; Suksesvol, bladsy 161) (Enige 3)***2.6 Skryf 'n paragraaf en verduidelik die uitwerking van rentekoersverhogings op die inflasiekoers.**

Wanneer die rentekoers styg, moet verbruikers met lenings/kredietkaarte/verbande meer terug betaal/maandelikse paaielemente/terugbetalings verhoog.✓¹ Dit veroorsaak dat verbruikers minder bestebare inkomste het om goedere en dienste te koop.✓² Dit gee aanleiding tot stadige ekonomiese groei✓³ en vertraag inflasie✓⁴ omdat die pryse van goedere en dienste baie min verhoog.✓⁵

(Enige 4) (4)

Analisering, moeilik (Verken, bladsy 166–168; Suksesvol, bladsy 184–186)

NOTA: Trek een punt af as dit nie in paragraaf formaat geskryf is nie.

[20]

VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 **Beskryf die term *organiese voedsel*.**

Organiese voedsel word gekweek:

- in 'n omgewingsvriendelike manier^{✓1}
- sonder pesdoders^{✓2}
- sonder onkruidodders^{✓3}
- sonder sintetiese kunsmis/chemikalieë^{✓4}
- sonder hormone^{✓5}
- sonder groeistimulante^{✓6}
- sonder veevoerbyvoegings^{✓7}

(Enige 2)

(2)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 104; Suksesvol, bladsy 125)

3.2 **Verduidelik EEN funksie van ELK van die volgende voedselbymiddels.**

3.2.1 **Emulsifiseerders**

- Meng olie en water^{✓1}, en voorkom dat hulle skei/vorm stabiele emulsies.^{✓2}
- Verskaf 'n eenvormige/homogene tekstuur/verbeter tekstuur.^{✓3}

(Enige 2)

(2)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 93; Suksesvol, bladsy 113)

3.2.2 **Antioksidante**

- Verleng die raklewe^{✓1} van die voedsel deur:
- Verhoed oksidasie van voedsel^{✓2}
- Verhoed galsterigheid/vetterige voedsel wat galsterig word/ 'n onaangename smaak en reuk ontwikkel.^{✓3}
- Verhoed verkleuring/vertraag die ensiematiese verbruining in vrugte en groente wat aan lug blootgestel was toe dit geskil en gesny was.^{✓4}

(Enige 2)

(2)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 94; Suksesvol, bladsy 114)

3.3 **Verduidelik hoe bestraling die rakleefyd van voedsel verleng.**

- Baie kort lig- of radio/Gammagolwe^{✓1} dring die voedsel diep binne
- Bestraling verwyder of verminder die getal patogenebakterieë/ Salmonella en ander skadelike organismes in voedsel/bestraling voorkom voedselvergiftiging/siektes wat deur voedsel oorgedra word^{✓2}
- Dit vernietig of deaktiveer organismes^{✓3} wat voedselbederf /kontaminasie veroorsaak.
- Dit vertraag die uitloop van aartappels/uie/knoffel/vergroening van aartappels.^{✓4}
- Dit vertraag die rypwording van vrugte/ensiematiese reaksie.^{✓5}
- Dit vernietig insekte^{✓6} in grane/tropiese vrugte wat ingevoer of uitgevoer word.
- Dit verminder verliese agv skade tydens vervoer/berging.^{✓7}

(Enige 3)

(3)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 105; Suksesvol, bladsy 127)

3.4 3.4.1 **Skryf 'n paragraaf om te verduidelik hoe huisgroentetuine of gemeenskapsgroentetuine positief tot voedselsekerheid kan bydra.**

Mense wat in die program deelneem sal toegang hê tot meer bekostigbare/goedkoper voedsel.^{✓1} Hulle kan die voedsel self produseer^{✓2} of mense kan voedsel teen laer pryse van produseerders koop^{✓3} as in die winkels in die gemeenskap.^{✓4} Indien die produseerders vrugte en groente verkoop, ^{✓5} sal dit hulle van 'n inkomste voorsien wat hulle kan gebruik om voedsel te koop wat hulle nie kan produseer nie. Hierdie program kan verseker dat genoeg voedsel/voedsel in voldoende/genoegsame hoeveelhede^{✓6} op 'n konstante/volhoubare basis/seisoenale oeste^{✓7} beskikbaar sal wees. Die voedsel sal veilig wees^{✓8} om te eet, omdat dit onmiddellik verkoop/geëet kan word. Die vrugte en groente hoef nie koud gehou te word nie.^{✓9} Verkoelde opberging vir produkte is onnodig vir tuis gekweekte/gemeenskap groentetuin omdat dit vars uit die tuine gebruik word. Vrugte en groente is voedsaam en sal bydra tot 'n gesonde en aktiewe lewe en genoeg voedsel vir almal.^{✓10} Werksgedeeltes in gemeenskapstuine verskaf 'n inkomste aan die wat daar werk.^{✓11}

(Enige 5) (5)

*LET WEL: Trek EEN punt af indien nie in paragraafstyl geskryf is nie.
Verstaan, matig (Verken, bladsy 106–107; Suksesvol, bladsy 128–129)*

3.4.2 **Bespreek hoe produkte uit huisgroentetuine of gemeenskapsgroentetuine die dieet van 'n persoon met MIV/Vigs kan verbeter.**

- Deur stedelike landbou, mag meer mense toegang tot vars vrugte en groente hê wat die verswakte immuunstelsel sal versterk^{✓1} deur vitamien C,^{✓2} vitamin B₆, ^{✓3} selenium in mielies,^{✓4} flavonoïede^{✓5} en fitosterole^{✓6}
- Vitamine C/A/selenium is anti-oksidente ^{✓7} en help mense wat aan MIV/Vigs ly om van infeksies te herstel/gesondheid verbeter. ^{✓8}
- Vrugte en groente bevat vesel wat met spysvertering help.^{✓9}
- Water in vrugte en groente help om die water wat as gevolg van diarree/braking verlore gegaan het, te vervang.^{✓10}
- Baie vrugte en groente is ryk aan vitamien A,^{✓11} Dit help om die voering van die vel/longe/maag gesond/heel te hou/^{✓12} om dit moeilik te maak vir kieme om in die liggaam te kom en infeksies te veroorsaak.^{✓13} Vrugte en groente vervang die vitamien A wat verlore gegaan het tydens infeksies.^{✓14}
- Vitamien B₆ help om 'n gesonde senuweestelsel^{✓15} te onderhou.

(Enige 8) (8)

Verstaan, matig (Verken, bladsy 84; Suksesvol, bladsy 99–100)

3.5 **Verduidelik waarom TB versprei en die behandeling daarvan in Suid-Afrika skynbaar nie suksesvol is nie.**

- Die inkubasie periode vir TB is lank,^{✓1} daarom mag mense wat met TB besmet is nie betyds behandeling soek nie. Dit besmet meer mense.^{✓2}
- Swak voeding weens werkloosheid ly tot 'n verswakte immuniteit, wat 'n risikofaktor is.^{✓3}
- TB word deur die lug versprei^{✓4} en versprei maklik in oorvol ruimtes, Ventilasië en verlugting van huise word nie gedoen nie.^{✓5} TB kan maklik versprei wanneer mense nie hul monde bedek wanneer hulle hoës nie.^{✓6}
- TB beheer is problematies – TB gevalle word geïdentifiseer maar word nie goed genoeg hanteer nie/onreëlmatige beskikbaarheid van toepaslike medisyne^{✓7}
- TB-pasiënte hou nie aan om hulle medikasie/behandeling te neem nie/ Gesondheidsfasiliteite volg nie pasiënte op nie^{✓8} om te verseker dat hulle die kursus medikasie voltooi nie.
- As gevolg van werkloosheid mag mense nie by klinieke kan uitkom om hul behandeling te kry nie/mense mag nie geld hê vir vervoer na klinieke/dokters om die behandeling te ontvang nie.^{✓9}
- TB is 'n aanmeldbare siekte en mense wil nie geïdentifiseer word nie omdat daar 'n stigma verbonde is aan TB – dus soek hulle nie mediese hulp nie. ^{✓10}

(Enige 4)

(4)

Toepassing, moeilik (Verken, bladsy 89; Suksesvol, bladsy 104)

NOTA: Geen punt as leerders noem dat hulle nie geld het vir die medikasie nie.

3.6 **Gee redes waarom suikerbelasting op drankies wat met suiker versoet word, kan help met die beheer van Tipe 2 diabetes.**

- Die prys van drankies wat ekstra suiker bevat sal verhoog^{✓1} dus ontmoedig dit die diabeet om hierdie produktete koop. ^{✓2}
- Drankies wat met suiker versoet word laat die bloedglukosevlakke vinnig styg^{✓3} omdat 'hoëGI (glukemiese indeks) is.^{✓4} Dit stimuleer die vrystelling van insulien uit die pankreas – té veel of té min/kan nie effektief gebruik word nie^{✓5} Dit maak dit moeilik om Tipe 2 diabetes te beheer.^{✓6}
- Deur nie hierdie produkte te gebruik nie, sal hulle moontlik meer water/100% onversoete vrugtesap^{✓7} drink wat sal lei tot stabiele/minder fluktuerende bloedglukosevlakke.^{✓8}

(Enige 4)

(4)

Toepassing, moeilik (Verken, bladsy 71–73; Suksesvol, bladsy 78–82)

3.7 3.7.1 **Verduidelik waarom die slaai NIE geskik is vir 'n persoon wat aan anemie ly nie.**

- Peulgroente (bone/botterbone/rooi nierbone/Barlotti bone) bevat yster,^{✓1} hoewel, hierdie yster word nie so goed soos yster van dierlike bronne geabsorbeer nie.
- Die slaai bevat nie goeie bronne van yster nie.^{✓3}
- Die slaai bevat geen vitamien B12^{✓4} omdat dit nie voedsel van dierlike oorsprong bevat nie.^{✓5}
- Vitamien C bevorder die absorpsie van yster^{✓6} maar hierdie slaai bevat nie bronne ryk aan vitamien C nie.^{✓7}
- Geen goeie bronne van foliensuur nie^{✓8} – te min foliensuur kan anemie veroorsaak.

(Enige 3)

(3)

Analiserig, matig (Verken, bladsy 76–77; Suksesvol, bladsy 90–91)

3.7.2 **Evalueer die geskiktheid van die voedingsinhoud van die slaai vir 'n persoon wat aan koronêre hartsiekte ly.**

- Die slaai bevat 'n matige natrium/sout inhoud.✓¹ Dit is voordelig in die voorkoming/bestuur van hipertensie✓² wat kan lei tot koronêre hartsiekte.✓³
- Die slaai bevat baie (oplosbare) vesel✓⁴ wat voordelig is omdat dit cholesterolvlakke verlaag✓⁵ en help/voordelig sal wees in die bestuur van koronêre hartsiekte.
- Die slaai het 'n lae cholesterolinhoud,✓⁶ en sal nie die bloed cholesterolvlakke verhoog nie.✓⁷
- Die koolhidraat-/suikerinhoud is laag✓⁸ en sal nie 'n skadelike effek op koronêre hartsiekte hê nie.
- Die slaai het 'n baie lae transvet/versadigde vet/vetinhoud/ meer mono-onversadigde vet✓⁹ wat voordelig is in die bestuur van koronêre hartsiekte, omdat daar minder vetneerslae opgebou word.✓¹⁰ Versadigde vet en transvetsure verhoog cholesterolvlakke.✓¹¹ (Enige 6)
- Die nutriëntinhoud van die slaai is geskik vir die bestuur van koronêre hartsiekte.✓¹² (7)
(1)

Evaluering, moeilik (Verken, bladsy 74–75; Suksesvol, bladsy 83–85)

[40]

VRAAG 4: KLEDING

4.1 **Verduidelik die term *nagemaakte goedere***

- 'n (Onwettige) kopie/replika van 'n (oorspronklike) produk.✓

Onthou, maklik (Verken, bladsy 64; Suksesvol, bladsy 72)

(1)

4.2 **Noem die geskatte tydsduur van ELK van die modesiklusse hieronder:**

4.2.1 **Modegiere**

- Modegiere duur vir een seisoen/het 'n kort lewensduur/paar maande✓

(1)

4.2.2 **Standaardmodeneigings**

- Standaardneigings duur vir twee tot drie jaar/seisoene✓

(1)

4.2.3 **Klassieke modes**

- Klassieke modes duur vir baie seisoene/jare/lang periodes/tydloos.✓

(1)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 49–50; Suksesvol, bladsy 51)

4.3 **4.3.1 Noem die eerste en laaste stadium van die modesiklus.**

- Bekendstelling/begin/loods ✓¹
- Einde/veroudering/verouderd ✓²

(2)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 49–50; Suksesvol, bladsy 50)

4.3.2 **Verduidelik wat die stadiums in VRAAG 4.3.1 in gemeen het.**

- Min mense dra dit in beide stadiums/klein hoeveelhede word verkoop.✓¹
- In beide stadiums het 'n nuwe modeneiging begin.✓²

(2)

Verstaan, matig (Verken, bladsy 49–50; Suksesvol, bladsy 50)

4.4 **Verduidelik waarom 'n persoon wat in 'n bank werk, die bykomstighede vir sy/haar werksklerekas sorgvuldig moet kies.**

- Accessories moet voldoen aan die bank se formele omgewing/korporatiewe beeld.✓¹
- Die persoon werk met die publiek en bykomstighede mag nie die aandag aftrek nie/nie te bonkig/oordadig wees nie.✓²
- Bykomstighede moet vir kollegas aanvaarbaar wees/nie kliënte aanstoot gee nie.✓³
- Bykomstighede moet die waardes wat die bank aan hulle kliënte wil reflekteer/uitbeeld./Bykomstighede moenie 'n verkeerde boodskap van die bank, aan die kliënte uitstuur nie.✓⁴
- Bykomstighede kan interessantheid/ styl,✓⁵
- Die kleur van die bykomstighede moet pas by die bank se korporatiewe klere.✓⁶
- Bykomstighede kan hom/haar help om sy/haar individuele stempel/persoonlikheid op sy/haar voorkoms te plaas✓⁷ (Enige 3)

(3)

Verstaan, moeilik (Verken, bladsy 54; Suksesvol, bladsy 62)

4.5 **Verduidelik hoe jy die beginsel van *hergebruik* kan toepas sodat dit tot die volhoubare gebruik van kledingitems bydra.**

Moenie kledingstukke wat jy nie weer dra weggooi nie, omdat dit :

- Aangepas kan word in na verskillende/ander kledingstukke✓¹
- Omskep word/losgetrek en weer gestik word om 'n totale nuwe item te vorm.✓²
- Aan behoefdiges geskenk✓³ verkoop✓⁴ geruil✓⁵ word om verdere lewensduur aan die kledingstuk te gee.
- Opgesny word vir huishoudelike items.✓⁶ (Enige 3)

(3)

Verstaan, maklik (Verken, bladsy 63; Suksesvol, bladsy 68–70)

4.6 4.6.1 **Beskryf die optiese illusie wat die 3 cm ligblou strook aan die soom van die broekspye skep.**

- Die ligblou horisontale streep lei die oog van kant tot kant/links na regs/horizontaal.✓¹
- Dit laat sy bene/knieë/bobene breër/wyer✓² en korter vertoon.✓³ (Enige 2)

(2)

Toepassing, moeilik (Kleding Graad 11)

4.6.2 **Maak 'n voorstel en beskryf die nodige veranderinge aan hierdie uitrusting om dit 'n geskikte monochromatiese uitrusting vir sy professionele kantoorpos te maak.**

- Verwyder die hoed^{✓1} omdat dit nie professioneel is nie.
 - Dra vlootblou/swart/grys formele langbroek.^{✓2}
 - Dra 'n wit/lictblou langmou hemp met knope en 'n kraag.^{✓3}
 - Dra 'n vlootblou/lictblou das.^{✓4}
 - Dra swart/bruin/grys/vlootblou (formele) skoene.^{✓5}
 - Dra swart/bruin/grys/vlootblou kouse.^{✓6}
- LET WEL: Een punt word toegeken indien al die kleure monochromaties is.^{✓7}
Om 'n punt te verdien moet die kleur/e genoem word.

(Enige 4) (4)

Skepping, matig (Verken, bladsy 53–59; Suksesvol, bladsy 57–65)

[20]

VRAAG 5: BEHUISING

5.1 **Noem DRIE betalings wat die meeste huurders elke maand moet maak.**

- Huur^{✓1}
- Water^{✓2}
- Vullis/afval/riool verwydering/munisipale rekening/elektrisiteit^{✓3}
- Elektrisiteit/^{✓4}
- Huishoudelike inhoud versekering^{✓5} (Enige 3) (3)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 117, 128; Suksesvol, bladsy 137, 145)

5.2 **Verduidelik die term koopakte.**

- Sodra die koopaanbod deur die koper en verkoper,^{✓1} onderteken is,^{✓2} word dit 'n kontrak,^{✓3} wat die verkoopakte genoem word. Dit sluit al die punte waaroor die partye ooreen gekom het, in.^{✓4} (Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 125; Suksesvol, bladsy 143)

5.3 **Noem by wie aansoeke vir staatsbehuisingssubsidies ingedien moet word.**

- Relevante provinsiale behuisingsdepartement/provinsiale departement van menslike nedersettings^{✓1}
- (Erkende/toegelate) munisipaliteit^{✓2} (Enige 1) (1)

Onthou, matig (Verken, bladsy 130; Suksesvol, bladsy 149)

5.4 **Gee die kwalifiserende kriteria vir staatsbehuisingssubsidies ten opsigte van:**

5.4.1 **Burgerskap**

- Die aansoeker moet 'n Suid Afrikaanse burger wees/permanente verblyfsreg hê.[✓] (1)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 130; Suksesvol, bladsy 149)

5.4.2 **Ouderdom**

- Die aansoeker moet ten minste 18/21 jaar oud wees.[✓] (1)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 130; Suksesvol, bladsy 149)

5.5 Noem VIER moontlike finansiële voordele daarvan om 'n huis te bou.

- Om 'n huis te bou, kan minder kos as om 'n huis te koop as jy 'n eienaarbouer is.✓¹
- Dit is moontlik om 'n omgewingsvriendelike huis te skep, wat water/elektrisiteitkoste mag bespaar.✓²
- As daar nie genoeg fondse beskikbaar is nie, kan die bouwerk vir 'n ruk lank gestaak word.✓³
- Die huis kan volgens die eienaar se eie skedule voltooi word.✓⁴
- Om 'n huis te bou is 'n belegging/'n vorm van gedwonge spaar tot 'n bate wat in waarde mag toeneem.✓⁵
- Die huis/komponente/toebehore/toestelle is nuut en behoort te werk. Dit spaar instandhoudingskoste.✓⁶
- Nuwe huise word oor die algemeen gebou in areas wat groei eerder as agteruitgaan. Dit help met die toekomstige herverkoop waarde.✓⁷

(Enige 4)

(4)

*Verstaan, matig (Verken, bladsy 121; Suksesvol, bladsy 138)***5.6 Noem TWEE prosedures wat deur die eienaar en die huurder gevolg moet word voordat die huurder in 'n gehuurde eiendom mag intrek.**

- Trek 'n huurooreenkoms op/teken.✓¹
- Doen inspeksie op die eiendom✓² en maak 'n lys van enige tekortkomings/neem foto's van enige defekte.✓³

(Enige 2)

(2)

*Verstaan, maklik (Verken, bladsy 118; Suksesvol, bladsy 137)***5.7 Verduidelik die voordele daarvan om in 'n deeltitelkompleks te woon.**

- Minder administrasie om te doen/bespaar tyd omdat die huiseienaarsvereniging die kompleks behartig.✓¹
- Die uitgawes vir die instandhouding van gemeenskaplike areas word gedeel.✓²
- Daar is beter sekuriteit/veiligheid omdat daar beheerde ingang/toegang tot die kompleks is.✓³
- Jy kan die gemeenskaplike areas gebruik,✓⁴ maar hoef dit nie op jou eie in stand te hou nie. Dit word gesamentlik gedoen.✓⁵
- Deel van 'n gemeenskap/ gevoel van samehorigheid/ ondersteuningsgroepe.✓⁶
- Dikwels het die kompleks toegang tot die hoofweë/nader aan stadskern.✓⁷
- Die instandhouding van die hele eiendom kan nie verwaarloos word nie✓⁸ aangesien dit die verantwoordelikheid van baie mense op dieselfde tyd is en word gedoen in ooreenstemming met die huiseienaarsvereniging.✓⁹

(Enige 4)

(4)

Verstaan, matig (Verken, bladsy 121–122; Suksesvol, bladsy 139–140)

5.8 5.8.1 **Verduidelik waarom huiseienaarskap 'n langtermyn finansële verbintenis is.**

- Daar is 'n groot som geld betrokke.✓¹
- 'n Koper moet die huisverband/huislening✓² oor 20 (tot 30)✓³ jaar terugbetaal.
- Die huis moet vir ten minste 'n paar jaar gehou word voordat dit verkoop word om 'n wins te maak.✓⁴
- Onderhoud van die huis is 'n langtermyn verantwoordelikheid/verpligting.✓⁵
- Munisipale belasting✓⁶ word betaal solank soos die huis besit word. (Enige 2) (2)

Verstaan, moeilik (Verken, bladsy 128; Suksesvol, bladsy 145)

5.8.2 **Verduidelik DRIE items wat met huiskoop gepaardgaan wat gereeld betaal moet word.**

- Verband beskermingsversekering:✓¹ Dit is lewensversekering om die huislening te dek indien enigiets onverwags met die koper sou gebeur./Hierdie tipe versekering dek terugbetalings indien die verbandhouer nie in staat is om die verbandpaaime te betaal as gevolg van dood, ontslag of gestremdheid./Indien die huiseienaar sterf verseker dit dat die huisverband af betaal is.✓²
- (Omvattende) huiseienaarsversekering:✓³ Hierdie versekering sal enige verliese dek as die huis struktuur beskadig word as gevolg van 'n natuurlike ramp (soos 'n storm of vloedskade), 'n ongeluk, gebarsde warmwatersilinder, politieke onrus of 'n brand/beskerm die struktuur en vaste toebehore in die huis teen brand, vloede en ander rampe.✓⁴
- Instandhouding:✓⁵ Dit kan insluit hantering van onvoorsiene omstandighede soos 'n gebarste warmwatersilinder/sekuriteit en veiligheid van die eiendom/gereelde skoonmaak van die geute/versorging van die tuin en swembad/herverf van verweerde oppervlakke binne en buite die huis/versorging van vloerbedekkings/omsien na die dak/warmwatersilinder/waterpype/elektriese bedrading/herstel van krake in die mure en vensters/dele van die eiendom regmaak.✓⁶
- (Eiendoms-) Munisipale belasting:✓⁷ Betaalbaar aan die munisipaliteit vir munisipale dienste/ belasting op die eienaarskap van eiendom / gebaseer op markwaarde van die eiendom. ✓⁸
- Lening/verband terugbetaling:✓⁹ Dit sluit die terugbetaling van die volle bedrag en die rente op 'n maandelikse basis oor 'n tydperk van 20-30 jaar.✓¹⁰ (Enige 3 x 2) (6)

Onthou (3), Verstaan (3), maklik/matig (Verken, bladsy 124, 127–128; Suksesvol, bladsy 142–145)

5.9 5.9.1 **Noem TWEE moontlike nadele van hierdie oond.**

- Dit is duur/duurder as 'n enkel oond✓¹
- Dit neem baie ruimte in beslag/is hoog✓²
- Kan nie onder 'n toonbank geïnstalleer word nie.✓³ (2)
- Slegs die hoofoond het 'n waaier.✓⁴ (Enige 2)

Verstaan, matig (Verken, bladsy 133; Suksesvol, bladsy 152)

5.9.2 Noem TWEE voordele van die gebruik van energiedoeltreffende toestelle.

- Hoe meer energie doeltreffend 'n toestel is, hoe minder is die lopendekoste.✓¹
- Kleiner lading op die nasionale elektrisiteitsrooster.✓²
- Om minder energie te gebruik is goed vir die omgewing/meer omgewingsvriendelik/verminder lugbesoedeling/help om die natuurlike hulpbronne te bewaar/lae koolstofspoor.✓³
- Kan op meer as een vlak/rak in die waaieroond bak.✓⁴ (Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, bladsy 134; Suksesvol, bladsy 155)

5.10 Bespreek die geskiktheid van hierdie oond met betrekking tot:

5.10.1 Besparing van menslike energie

Hierdie oond bespaar menslike energie aangesien dit:

- 'n emalje interieur het wat maklik skoonmaak✓¹
- kontrole knoppe het wat maklik is om te gebruik✓²
- tyd bespaar wanneer voedsel in groot hoeveelhede gaargemaak word/onthaal omdat baie geregte/alle gaarmaak op een slag gedoen kan word.✓³
- bespaar menslike energie – hoef nie te buk nie.✓⁴

(Enige 2) (2)

Analiserings, matig

5.10.2 Besparing van niemenslike energie

Hierdie oond bespaar nie-menslike energie aangesien:

- dit (eko)-energiedoeltreffend is.✓¹
- dit verskillende funksionele opsies /kan een of twee elemente aanskakel soos benodig/kan met of sonder die waaier gebruik word.✓²
- ontdooiing kan vinnig gedoen word.✓³
- elektrisiteit bespaar word, omdat baie geregte/alle gaarmaak terselfdertyd kan plaasvind (nie nodig om die oond vir lang tyd te gebruik nie)✓⁴

(Enige 3) (3)

Analiserings, matig

5.10.3 Universele ontwerpelemente

Hierdie oond het universele ontwerp kenmerke aangesien dit:

- maklik is om skoon te maak (emalje interieur)✓¹
- verligte kontrole knoppe het wat dit maklik maak om te gebruik✓²
- 'n oondlig het✓³ wat dit maklik maak om die binnekant te sien
- dubbelkantige deur opening (deur kan aangeheg word om links of regs oop te maak)✓⁴
- sykant deur opening wat makliker is om te gebruik✓⁵
- veilig om te gebruik aangesien dit 'n lugverkoelde oonddeur het/ die glas word nie warm nie✓⁶
- meerdoelig/verskillende funksies✓⁷

(Enige 5) (5)

Analiserings, moeilik (Verken, bladsy 137, 140; Suksesvol, bladsy 153, 159)

[40]

VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**6.1 Noem VYF vereistes waaraan die verpakking van 'n produk moet voldoen.**

- Dit moet die oog vang/aandag van die kliënte/teikenmark/verbruikers trek.✓¹
- Moet uitstaan✓² bo ander soortgelyke produkte/handelsname op dieselfde rak.
- Pas by die produk se vorm/grootte.✓³
- Veilig/Higiënies✓⁴
- Sterk✓⁵ vir vervoer/hantering
- Gerieflik✓⁶ vir verspreiding
- Maklik om oop te maak/hanteer/gebruik✓⁷
- Lugdig as goedere vogtigheid kan absorbeer/rakleefyd instand hou✓⁸
- Bevat inligting van die produk✓⁹
- Moet maklik wees om op rakke van verskillende kleinhandelaars te plaas✓¹⁰
- Moet koste-effektief wees.✓¹¹
- Moet produk beskerm✓¹²
- Omgewingsvriendelik/ekovriendelik/herwinbaar/volhoubaar wees✓¹³

(Enige 5)

(5)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 22, 30; Suksesvol, bladsy 29)***6.2 Gee DRIE redes waarom 'n netjiese werkplek vir 'n besigheid belangrik is.**

- Voorkom ongelukke,✓¹ brand,✓² verskaf 'n veilige werkomgewing✓³
- Dit verskaf 'n gesonde/higiëniese werkomgewing/minimaliseer die risiko van kruis kontaminasie/besmetting.✓⁴
- Verwyder opgaar ('clutter')/help om vinniger te werk/goedere maklik te kry✓⁵
- Help om meer akkuraat te werk.✓⁶
- Makliker om skoon te hou.✓⁷
- Verbeter moraal/waardigheid van werkers/produktiwiteit✓⁸
- Makliker om diefstal te beheer.✓⁹

(Enige 3)

(3)

*Onthou, maklik (Verken, bladsy 17; Suksesvol, bladsy 22)***6.3 Noem TWEE hoofdoelwitte van voorraadbeheer.**

- Om te verseker dat produksie nie gestaak word omdat daar 'n tekort aan grondstof is/om te verseker dat jy genoeg grondstowwe het vir produksie.✓¹
- Die korrekte kwaliteit grondstowwe word vir die produk aangekoop.✓²
- Vermorsing word verminder/Voorraad sal nie verouder/gebruik word voor die vervaldatum/kan beginsel van eerste in, eerste"toepas.✓³
- Geld wat op voorraad gebruik word, is beperk/sorgvuldig beheer.✓⁴
- Verminder die opbergingskoste van die finale produkte.✓⁵
- Om diefstal/verlies van voorraad te verhoed/identifiseer tekort aan voorraad✓⁶

(Enige 2)

(2)

Onthou, matig (Verken, bladsy 19; Suksesvol, bladsy 23)

- 6.4 6.4.1 **Identifiseer DRIE tipes media wat Vuyo gebruik om sy besigheid te adverteer.**
- Elektroniese media/internet/webtuiste. ✓¹
 - Gedrukte media/strooibiljet. ✓²
 - Buitelug media/afleweringsbakkie. ✓³
- Onthou, maklik (Verken bladsy 31; Suksesvol bladsy 30)* (3)
- 6.4.2 **Verwys na die advertensie en haal TWEE sinsnedes aan wat na produkspesifikasie verwys.**
- 'Tente/rekbare tente in groottes 3 m x 3 m tot 10 m x 10 m' ✓¹
 - 'Tafels en tafeldoeke, rond/vierkantig/reghoekig/verskeidenheid kleure – wit en swart.'/Stoel oortreksels – verskeidenheid kleure-wit en swart ✓²
 - 'Wit breekgoed.' ✓³
 - 'Draagbare industriële verwarmers' ✓⁴ (Enige 2) (2)
- Verstaan, maklik (Verken bladsy 8; Suksesvol bladsy 21)*
- 6.4.3 **Verduidelik wat Vuyo se idee in 'n besigheidseleentheid laat verander het.**
- Vuyo het vir 'n bemarkingsmaatskappy/bank gewerk/het bestuursvaardighede verwerf ✓¹ waar hy bloot gestel was aan promosie/bemarking en verkoop van produkte. ✓²
 - Hy het nie baie geld by die bank verdien nie en het gedink dat hierdie idee sal help om sy salaris aan te vul. ✓³
 - Hy het die /gaping in die mark vir onthaal toerusting in en om sy gemeenskap raak gesien. ✓⁴
 - Hy kon van sy ma se huis af werk/motorhuis gebruik om die besigheid idee in werking te stel. ✓⁵
 - Hy het 'n uitvoerbaarheidstudie gedoen ✓⁶ (Enige 3) (3)
- Verstaan, matig (Verken bladsy 7–9, 83; Suksesvol bladsy 10–14)*

6.4.4 Bespreek DRIE redes waarom Vuyo se besigheid aan die vereistes van kwaliteitdiens voldoen.

- Sy diens is geskik vir sy teikenmark/voldoen aan behoeftes van kliënte/verskillende geleenthede.✓¹
- Die advertensie verskaf voldoende inligting sodat die kliënte ingeligte besluite kan neem in verband met sy diens.✓²
- Hy doeltreffende bergingsprosedures/hou bergingseenhede georganiseerd dus kan Vuyo vinnige diens lewer✓³
- Sy vriende kan nou die geleenthede opstel omdat hulle hom gehelp het voordat hy hulle in diens geneem het.✓⁴
- Vuyo het 'n aflewering strategie✓⁵ stel vroeg oggend op die geleentheid se dag op/die aand voor die geleentheid/lower betyds af.✓⁶
- Gaan haal die toerusting die volgend oggend.✓⁷
- Hy stel die toerusting volgens die kliënte se behoeftes/vereistes/spesifikasies.✓⁸
- Hy bied die nuutste neigings vir geleenthede en onthale aan.✓⁹
- Besprekings wat vooruit gemaak word, sal teleurstellings voorkom.✓¹⁰
- Omdat hy persoonlik betrokke is/beheer sy besigheid self dus kan hy kwaliteit diens lewer.✓¹¹

(Enige 3)

(3)

Toepassing, matig (Verken bladsy 20–26; Suksesvol bladsy 24)

6.4.5 Gee redes waarom dit vir Vuyo voordelig was om 'n finansiële uitvoerbaarheidstudie te doen voordat hy met sy besigheid begin het.

- Vuyo wou die sterkpunte en swakhede✓¹ van sy besigheidsidee identifiseer.
- Dit het hom 'n duidelike prentjie gegee of die besigheid die potensiaal het om suksesvol te wees/om voort te gaan met die idee.✓²
- Dit wys hom of hy 'n redelike wins oor 'n lang tydperk sal maak/volhoubare wins/finansiële projeksie (vooruitskatting). ✓³
- Dit het hom tyd✓⁴ en geld bespaar✓⁵ om in 'n besigheid te gaan wat nie suksesvol mag wees nie.✓⁶
- Dit het vir Vuyo aangedui hoe om veranderings/aanpassings aan te bring om 'n sukses te maak. ✓⁷

(Enige 4)

(4)

Toepassing, matig (Verken bladsy 35; Suksesvol bladsy 35)

6.4.6 **Bespreek DRIE faktore wat Vuyo in ag moes neem toe hy 'n geskikte produk vir sy besigheid gekies het.**

- Besikbaarheid van menslike vaardighede:✓¹ Vuyo het bemerking/finansiële bestuursvaardighede✓² en het sy werklose vriende gewys hoe om tente op te slaan en geleenthede op te stel.✓³
- Finansiële hulpbronne:✓⁴ Hy het 'n lening by die bank geneem om die besigheid te begin/toerusting aan te koop.✓⁵
- Besikbaarheid van werkruimte:✓⁶ Hy het die besigheid vanaf sy ma se huis en motorhuis begin.✓⁷
- Aantrekkingskrag van die verbruiker:✓⁸ Daar was 'n behoefte vir geleentheid/onthaal/troues/partytjies/begravnisse/jaareind-funksies se toerusting in en om die gemeenskap/diens om venues vir geleenthede op te stel.✓⁹ (Enige 3 x 2)

(6)

Toepassing, matig (Verken bladsy 10–14; Suksesvol bladsy 16–20)

6.4.7

Motiveer waarom Vuyo se besigheid volhoubaar is.

- Vuyo het deelyds vir 'n bemerkingsmaatskappy gewerk, daarom het hy kennis van die bemerking van produkte gehad.✓¹
- Hy het 'n diploma in publieke bestuur, daarom kan hy sy besigheid bestuur✓² wat insluit hoe om met mense te werk.
- Hy het vir 'n bank gewerk en het kennis/ervaring van hantering/bestuur van geld, daarom het hy die waarde van geld geken.✓³
- Hy het 'n finansiële uitvoerbare studie gedoen wat aangedui het of die besigheid die potensiaal het om suksesvol te wees.✓⁴
- Hy het 'n banklening geneem en het dit afbetaal voordat hy by die bank bedank het, daarom kon die besigheid finansiële volhoubaar wees.✓⁵
- Hy het die besigheid van sy ma se huis en motorhuis begin terwyl die besigheid gegroei het, daarom het hy op huur van bergingseenhede bespaar.✓⁶
- Hy het die meeste van sy toerusting op vendusie gekoop, daarom het hy baie geld gespaar, in plaas daarvan om splinternuwe toerusting te koop.✓⁷
- Sy besigheid het vinnig gegroei/daar is 'n groot aanvraag vir sy huur toerusting/onthaal organisering daarom maak hy 'n wins.✓⁸
- Hy hou sy toerusting goed in stand daarom verminder hy die nodigheid om onthale te kanselleer weens beskadiging/ herstel van toerusting.✓⁹
- Hy bevorder sy produk/diens effektief (internet/strooibiljette/ besigheidskarte/afleweringbakke).✓¹⁰
- Hy maak voorsiening vir verskillende onthale/troues/partytjies/begravnisse/ jaareind-besigheidsfunksies daarom het hy altyd 'n onthaal/besigheid/bevredig kliënte se behoeftes.✓¹¹
- Hy kan regdeur die jaar onthale beplan omdat hy industriële verwarmers vir winter het.✓¹²
- Hou tred met die nuutste onthaal en geleentheid idees.✓¹³

- Hy het 'n gaping/behoefte in die mark gevul. ✓¹⁴
 - Sy toerusting kan hergebruik word/geen korttermyn vermorsing nie. ✓¹⁵
 - Hy het goeie werksetiek/werk hard en dit sal help dat sy besigheid groei/volhoubaar is. ✓¹⁶ (9)
- Evalueer, moeilik (Verken bladsy 35; Suksesvol bladsy 34)* **[40]**

TOTAAL: 200